



A r o s

Kennisgewing vanuit die Rektor se kantoor rakende Covid-19

Wat 'n uitdagende tyd waarin ons leef. So iets gebeur maar een of twee keer elke eeu. Baie dankie vir elkeen van julle wat die afgelope week saamgewerk het om van die akademiese jaar, wat julle waarskynlik vir altyd sal onthou, 'n sukses te maak. Daar was uitdagings met die e-Klas, maar die Aros personeel se toewyding om alles glad te laat verloop word met groot dankbaarheid raakgesien.

Na gisteraand se aankondiging deur die President vir 'n 21 dae inperking tot 16 April, word die kontaksessies vir week 9 en 10 geraak. In hierdie periode sal die kampus gesluit wees. Hierdie kontaksessies sal soos die afgelope naweek se kontaksessies in elektroniese formaat aangebied word. Dit geld ook vir die geskeduleerde semestertoetse. Die toetse word in bepaalde groepe afgelê sodat ons stelsel dit gemaklik kan hanteer. Al die nodige reëlins en tye sal op die studenteportaal gekommunikeer word.

Indien jy tydens die toetse om een of ander rede 'n tegniese probleem ondervind of ander buitengewone omstandighede ervaar, kommunikeer asb met jou dosent. Ons sal elke geval op meriete en met deernis hanteer. Jy sal ook op die rooster merk dat daar ruim geleentheid is vir 'n tweede geleentheid.

Wat Praktiese onderwys aanbetref: ons sal met julle kommunikeer sodra ons meer inligting van die Onderwysdepartement af ontvang rakende die heropen van skole.

Ons tref hierdie reëlins om een rede: ons wil graag hê dat jy 'n sukses van jou studiejaar maak en wil ook graag hê dat jy jou studie in die vasgestelde tyd voltooi. Nie een van ons wil hê dat jy langer moet studeer as wat dit nodig is nie. Ons wil egter ook nie ons kwaliteit inboet nie. Jy moet uiteindelik trots wees op die graad wat jy ontvang. Ons vra dat julle met verantwoordelikheid die volgende drie weke goed gebruik om op datum met jou werk te bly.

Ons bid vir elkeen van julle en vir ons land. Mag die Here wat regeer op Sy tyd uitkoms gee.

Prof PH Fick

24 Maart 2020

T 012 332 3227/8

Posbus 31120

F 012 332 3266

Totiusdal, 0134

E info@aros.ac.za

Dickensonlaan 1180

W www.aros.ac.za

Waverley, Pretoria, 0186